



En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: [kontak@nuwelied.info](mailto:kontak@nuwelied.info)  
 Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

## Parashah 36: *B'ha'alotcha* (בהעלותך) – As Jy Die Lampe Opsteek

יהוה *het met Moshe gepraat en gesê: Praat met Aharon en sê vir hom: As jy die lampe opsteek, moet die sewe lampe aan die voorkant van die lampstaander lig gee.* Num. 8:1 en 2  
 – PWL<sup>1</sup>

**Torah:** Num. 8:1 tot 12:16.

**Haftorah:** Sag. 2:10 tot 4:7

**Hernieuwe Verbond:** Rom. 1:1; Gal. 1:15; Heb. 4:14 tot 5:10; Heb. 7:1 tot 28; Heb. 9:23 tot 25; 1 Kor. 10:10; 1 Kor. 11:1; Open 14:4; Fil. 2:14.

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige notas vir Parashah 36 wat afgelaai kan word by: [Parashah36Notas14](#) of deur dit aan te vra by [kontak@nuwelied.info](mailto:kontak@nuwelied.info).

*Have you been "viewing the ruin" in your own life? Like David, have you sinned and brought reproach on His name? Is there a breach in your wall, something that is not repaired? Beloved, it is good to fall on the Rock (Yeshua) and be shattered – to be broken into little pieces. When you see Messiah in all His glory, the sight of Him will indeed shatter you. Even the good things in you – the talent, the efficiency, all your abilities – will be shattered when you stand before Him, helpless and drained!*

*It is a holy faith that says, "God is at work in me! Satan cannot hold me. I am not going to deteriorate or fall. My sin has grieved me, but I have repented. Now it's time to rise and rebuild!" Until you take hold of that hope, zeal and determination, you will not get past your tears. Your life may still appear to be a rubble heap, with mounds of dirt and broken-down places that need repair.*

*But remember that you have His sword and tools in hand. And above you there is a big sign, posted by the Lord's own hand that reads: GOD IS AT WORK!*

David Wilkerson

### Midrash (Torah Bespreking)

#### Om YHVH se Stem te Hoor.

Ons vorige Torahskriflesing het geëindig met hierdie woorde:

<sup>1</sup> PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by [www.padwlewe.ch](http://www.padwlewe.ch)

*Wanneer Moshe in die Tent van Ontmoeting ingegaan het om met Hom te praat, het hy die Stem met hom hoor praat van bo die Toedekking af wat op die ark van die Getuienis is, van tussen die twee gérubs uit. So het Hy met hom gepraat. Num. 7:89 – PWL.*

Num. 8:1 en 2 is dan 'n voortsetting van hierdie gesprek en met die opdrag aan Moses aangaande die lampe van die menora (die lampstaander). Let daarop dat Moses het die stem van YHVH gehoor van bo die versoendeksel (*mercy seat*, die Toedekking) wat op die ark van die Getuienis is, tussen die twee gérubs uit! Hierdie is bevestiging van wat ons in Ex. 25:17 tot 22 ten opsigte van die verbondsark gelees het:

*Maak ook 'n toedekking van suiwer goud. Sy lengte moet twee en 'n half el en sy breedte een en 'n half el wees. Maak ook twee gérubs van goud. Van gietwerk moet jy hulle maak, aan die twee ente van die toedekking. Maak een gerub aan die een ent en een gerub aan die ander ent. Uit een stuk met die toedekking, moet julle die gérubs aan die twee ente maak. Die gérubs moet hulle vlerke boontoe uitsprei en die toedekking met hulle vlerke bedek en hulle gesigte moet na mekaar toe wees; die gesigte van die gérubs moet op die toedekking gerig wees. Jy moet die toedekking bo-op die ark sit, maar in die ark moet jy die Getuienis sit wat Ek vir jou sal gee. **Daar sal Ek met jou ontmoet en van bo die toedekking af, van tussen die twee gérubs wat op die ark van die Getuienis is, met jou praat en alles sê wat Ek jou sal beveel aangaande die seuns van Yisra'el** (PWL).*

YHVH praat nie meer met Moses op die berg Sinai nie, maar wel van bo die versoendeksel (*mercy seat*; die Toedekking) wat op die ark van die Getuienis is, tussen die twee gérubs uit! In die ark was die Getuienis, naamlik die Tien Gebooie (Woorde) en daarom moet ons besef dat elke Woord van YHVH is gefundeer op hierdie Tien Woorde wat die basis van Torah is!!

In die ou bedeling (die ou verbond) het YHVH deur Moses en die profete met Israel gepraat, maar in hierdie laaste dae praat YHVH met ons deur Sy Seun – die Woord (die Torah) van YHVH wat vlees geword het (Joh. 1:14).

*Oor alle onderwerpe en op allerhande maniere het God vroeër deur die profete gepraat met ons vaders en in hierdie laaste dae het Hy met ons gepraat deur Sy Seun, wat Hy as erfgenaam van alles aangestel het. Heb. 1:1 en 2 – PWL.*

Die Toedekking (versoendeksel; *mercy seat*) is 'n sinnebeeld van Yeshua Messias. Wanneer YHVH dus met Moses van bo die versoendeksel gepraat het, het dit heengewys na Yeshua Messias – die vleesgeworde Toedekking van ons sonde en die vleesgeworde Versoening met YHVH!!

Omrede elke Woord van YHVH gefundeer is op Torah en omrede Yeshua die vleesgeworde Torah is, is dit die fondament waarop ons ons hele bestaan moet bou.

*want niemand kan 'n ander fondament lê as wat daar gelê is nie - dit is Yeshua, Die Gesalfde Een. As enige iemand op dié fondament bou met goud, silwer, kosbare stene, hout, gras of stoppels - elkeen se dade sal aan die lig kom, want die dag sal dit uitwys omdat dit deur vuur openbaar gemaak word en die vuur sal elkeen se werk toets. Die een wie se dade, wat hy daarop gebou het, bly staan, sal sy beloning kry. As iemand se dade verbrand word, sal hy skade ly; hy self sal ontsnap, maar soos deur vuur heen. 1 Kor. 3:11 tot 15 – PWL.*

YHVH praat steeds met ons! Eerstens praat Vader met ons deur Sy Woord en tweedens deur Sy Afgesonderde Gees. Daarom is ons verhouding met Vader-God hoofsaaklik gefundeer op ons kennis en insig van YHVH se Woord, asook ons gehoorsaamheid aan Sy onderrig en instruksies. Hoe meer tyd ons spandeer om na YHVH se woorde te luister soos dit vir ons in

die Afgesonderde Skrifte opgeteken is en hoe meer ons ywer om dit ook te doen, hoe meer sal ons van die Karakter en Outoriteit van YHVH verstaan en hoe meer intiem sal ons verhouding wees.

Daarom is die sleutel tot kennis en gemeenskap met Vader gehoorsaamheid aan Torah (1 Joh. 2:3). Indien ons nie YHVH se Torah (gebooie) glo en doen nie, is ons leuenaars (1 Joh. 2:4). Ongehoorsaamheid beteken om nie te hoor wat YHVH sê nie en indien ons dit wel hoor om dit dan nie te doen nie. Dit herinner ons aan Heb. 10:26 tot 29:

*Want as iemand opsetlik sondig nadat hy die kennis van die waarheid ontvang het, is daar nie 'n offer wat agterna geoffer kan word vir sondes nie, maar die verskriklike oordeel van die verterende vuur, wat die teëstanders sal verteer. As iemand teen die wet van Moshe oortree het, sterf hy op die getuienis van twee of drie sonder oorsien. Hoeveel swaarder straf, dink julle, sal hy ontvang wat die Seun van God vertrap het en die bloed van Sy verbond gewoon geag het, wat daardeur afgesonder is en die Gees van onverdiende guns verag het? (PWL).*

Ons hoor, en sien, YHVH se stem ook in die natuur:

*Die stem van יהוה is oor die waters, die God van eer, lof en aanbidding donder; יהוה is oor baie waters. Die stem van יהוה is kragtig; die stem van יהוה is vol majesteit. Die stem van יהוה breek die seders; ja, יהוה verbreek die seders van L'vanon. Hy laat L'vanon ook spring soos 'n kalf en Siryon soos 'n wilde bul (Aurogs). Die stem van יהוה verdeel die vlamme van vuur. Die stem van יהוה skud die wildernis; יהוה skud die wildernis van Kadesh. Die stem van יהוה laat die takbokke lam en stroop die woude kaal; in Sy tempel praat elkeen van Sy lof, eer en aanbidding! יהוה beheer die vloed; ja, יהוה sit as Koning vir ewig. Ps. 29:3 tot 10 – PWL.*

Soms neem dit 'n natuurramp vir mense om YHVH se stem te hoor en om te besef dat YHVH ook oor die natuur heers – Hy is die Oppergesag van die natuurwette!

Daar is ook tye in ons elkeen se lewe waar YHVH se stem stil raak. Ja, die Vader sal nog altyd met ons deur Sy Woord praat, maar daar is tye wat Vader-God nie antwoord op ons vrae en gebede nie. Die rede vir YHVH se stilswye kan weens moedswillige sonde in ons lewe wees wat ons sintuie verdoof vir die stem van YHVH. Maar daar kan ook tye wees wat ons in YHVH se Teenwoordigheid is en waar woorde as te ware 'oorbodig' is. Gewoonlik dan word YHVH se stem met Sy vrede (shalom) vervang.

*Wees oor niks bekommerd nie, maar maak julle begeertes elke keer deur gebed, versoeke en danksegging by God bekend <sup>7</sup> en die vrede, vergenoegdheid, gesondheid en voorspoed van God, Hy wat ver bo alle kennis en begrip is, sal julle gedagtes, wil, emosie en julle begrip beskerm in eenheid met Yeshua, Die Gesalfde Een. Fil. 4:6 en 7 – PWL.*

### **Bepeins of Bespreek**

1. Kan ons YHVH se stem hoor indien ons Sy Torah as uitgedien beskou? Hoor diegene wat hulself as vry van YHVH se wet beskou nie 'n nabootser van YHVH se stem nie? Of moontlik hoor hulle die stem van hulle eie geregtigheid?!
2. Talle hoor die stem van YHVH, maar weier om daaraan gehoor te gee. Lees Ps. 81:14 en Ps. 95:7
3. Dale C. Bronner skryf die volgende:

*There are times when Yah will speak to you and then be silent for an extended period of time. Silence does not mean you have been forsaken by Him. It simply means that He has spoken, and now is the time to allow the Word that He spoke to germinate and come to pass. Silence is not the same as peace. Silence is the absence of noise, but peace is the presence of YHVH! While you are going through "silent years," you should focus on inner peace. Inner peace produces outward confidence in the face of negative circumstances so that we can go forward in the assurance that even though tribulation is coming against us, we are more than conquerors over it! The scriptural meaning of peace never denotes the absence of trouble. Peace is not the absence of negatives but the presence of positives. YHVH's peace is inward and spiritual and never predicated by contrary circumstances or negative events. Neither poverty, sickness, death nor debt can override internal peace!*

*Silent years should indicate a time of reflection, introspection and listening. The quieter we become, the more we will hear. However, we cannot rush the silent years. Silent years are times of transition. Transition is always uncomfortable and appears to last forever. We must ENDURE the silent years! Whenever you see the word endure, it means that there is no short cut through it. It must be endured. You cannot circumvent what must be endured. We are told to ENDURE unto the end. (Matt. 24:13). We are told to ENDURE persecution and tribulation. (2 Th. 1:4-10). We are told to ENDURE hardness. (2 Tim. 2:1-3). We are told to ENDURE affliction. (2 Tim. 4:5). We are told to ENDURE chastening. (Heb. 12:7). The key to being able to ENDURE is to see the END (ENDure).*

*Your silent years should change your life! You should come out as a new person! When you come out, you should have a new level of: Knowledge, Responsibility, Authority / Power, Faith and Trust.*

### **Yeshua Is Ons Menora!**

*יהרה* het met Moshe gepraat en gesê: “Praat met Aharon en sê vir hom: ‘As jy die lampe opsteek, moet die sewe lampe aan die voorkant van die lampstaander lig gee.’” Aharon het so gedoen: hy het die lampe opgestel om na die voorkant van die lampstaander te wys, soos *יהרה* Moshe beveel het. Num. 8:1 tot 3 – PWL.

Die geestelike betekens van die menora (die goue lampstaander) is reeds in vorige notas bespreek en kan afgelaai word by [Parashah19Notas14](#) en [Parashah36Notas14](#). Ek wil egter dit beklemtoon dat die menora ‘n sinnebeeld van Yeshua Messias is. Ons het geleer dat die menora uit een stuk suiwer goud volgens die vakmanskap van dryfwerk (smeewerk) gemaak was.

*Maak ook ‘n kandelaar van suiwer goud. Van dryfwerk moet die kandelaar, sy voetstuk en sy stam gemaak word; sy kelkies, sy knoppe en sy blomme moet, daarmee saam, uit een stuk wees. Ex. 25:31.*

Goud simboliseer Yeshua se Godheid en die feit dat Messias sonder sonde was:

*want Hy wat geen sonde geken het nie, het Homself in jou plek ‘n sondoffer gemaak sodat ons deur Hom, die onpartydige opregtheid van God kan word. 2 Kor. 5:21 – PWL.*

Ons is losgekoop deur die kosbare bloed van die Gesalfde Een waarin geen gebrek of vlek is nie (1 Pet. 1:19)!

*want ons het nie 'n hoofpriester, wat nie in staat is om te vereenselwig met ons swakhede nie, maar Een wat in alle opsigte getoets is net soos ons, maar sonder dat Hy sonde het. Heb. 4:15 – PWL.*

Die menora is deur die vakmanskap van dryfwerk vervaardig wat 'n sinnebeeld is van die verwerping van Yeshua deur Sy eie mense en van sy folterdood.

*Kyk, ons gaan op na Jerusalem, en die Seun van die mens sal oorgelewer word aan die owerpriesters en skrifgeleerdes; en hulle sal Hom tot die dood veroordeel en Hom oorlewer aan die heidene om Hom te bespot en te gésel en te kruisig; en op die derde dag sal Hy opstaan. Matt. 20:18 en 19.*

*Hy het na sy eiendom gekom, en sy eie mense het Hom nie aangeneem nie. Joh. 1:11*

*Toe laat hy Bar-Abba vir hulle vry, maar Yeshua het hy laat gésel met swepe en oorgelewer om gekruisig te word. Matt. 27:26.*

*Hy, al was Hy die Seun, het gehoorsaamheid geleer uit wat Hy gely het; en nadat Hy volmaak is, het Hy vir almal wat Hom gehoorsaam is, 'n bewerker van ewige saligheid geword. Heb. 5:8 en 9.*

Die bron van die lig van die menora was suiwer uitgestampte olyfolie:

*En jy moet die kinders van Israel beveel dat hulle vir jou suiwer, uitgestampte olyfolie vir die kandelaar bring, om gedurigdeur 'n brandende lamp te hê. Ex. 27:20.*

Olie word gebruik om mense mee te salf en olie is simbolies van die Afgesonderde Gees wat soos 'n duif uit die hemel op Yeshua gekom het. Yeshua is dus die Gesalfde Een van YHVH – die Messias.

*Dan sal 'n Loot uitspruit uit die stomp van Yishai en 'n Tak vanuit sy wortels sal vrugte dra. Die Gees van יהוה sal op Hom rus, die Gees van wysheid en begrip, die Gees van raad en krag, die Gees van kennis en die respekvolle vrees van יהוה. Hy sal Hom verheug in die respekvolle vrees van יהוה en Hy sal nie oordeel deur wat Sy oë sien nie en ook nie 'n besluit maak deur wat Sy ore hoor nie, maar die armes met onpartydige opregtheid oordeel en met regverdigheid besluit namens die geteisterdes van die aarde en Hy sal die aarde slaan met die lat van Sy mond en met die asem van Sy lippe sal Hy die bose oortreder doodslaan. Ook sal onpartydige opregtheid die gordel om Sy lendene wees en vertrouenswaardigheid die gordel om Sy heupe. Jes. 11:1 tot 5 – PWL.*

*Nadat Yeshua gedoop is, het Hy opgekom uit die water uit en op daardie oomblik gaan die hemele vir hom oop en hy sien die Gees van God soos 'n duif afkom en op Hom kom en let op, 'n Stem uit die hemel wat sê: "Let op, dit is My Seun, Wie Ek liefhet, in Wie Ek verheug is." Matt. 3:16 en 17 – PWL.*

*En Johannes het getuig en gesê: Ek het die Gees soos 'n duif uit die hemel sien neerdaal, en Hy het op Hom gebly. Joh. 1:32.*

*"Die Gees van יהוה is op My en as gevolg daarvan het Hy My gesalf met die doel om die goeie boodskap aan die armes te verkondig; Hy het My gestuur om die wat gebroke is van verstand, wil en emosie te genees; om aan die wat gevangenes is vryheid te verkondig en aan blindes herstel van sig; om die wat depressief is, te herstel met vergifnis en om 'n tydperk aanvaarbaar vir יהוה aan te kondig." Luk. 4:18 en 19 – PWL (Verwysend na Jes. 61:1 en 2).*



Volgens Jes. 11:1 tot 5 verteenwoordig die menora ook die sewe Geeste van YHVH, naamlik die Gees van wysheid. Die Gees van begrip, die Gees van raad, die Gees van krag, Die Gees van kennis, die Gees van respekvolle vrees van van יהוה en die Gees van YHVH. Dit is die Gees wat sonder perk aan Yeshua gegee is.

*Wie Sy (Yeshua se) getuienis aanvaar, verklaar dat God waar is, want Hy wat deur God gestuur is, bring die boodskappe van God, want God het nie Sy Gees in mate gegee nie. Die Vader het die Seun lief en het alles in Sy hand gegee. Joh. 3:34 en 35.*

Die menora het ook die voorkoms van 'n boom en is daarom ook 'n sinnebeeld van Yeshua, die Boom van Lewe en dus van die lewende Torah. Die vuur (lig) van die menora het altyd brandend gebly en herinner ons aan die brandende bos waar Moses 'n ontmoeting met YHVH gehad het.

*Die Engel van יהוה het aan hom in 'n brandende vuur uit die middel van 'n doringbos verskyn. Hy het gekyk en let op, die doringbos het gebrand met vuur en tog het die doringbos nie uitgebrand nie! Ex. 3:2 – PWL.*

Ons word ook daaraan herinner dat die menora 'n integrerende deel (*part and parcel*) van die tabernakel is en daarom deel is van die verbond wat YHVH met Israel by Sinai gesluit het, naamlik die verbond van Torah (die wet). Yeshua is dus ook 'n integrerende deel van hierdie verbond, want die menora is 'n sinnebeeld van Yeshua.

Die menora is ook simbolies van die verhouding tussen Yeshua en Sy dissipels.

*“ אֲנִי אֵלֹהִים - Ek is, was, sal wees Wie Ek is, was, sal wees, die ware Wingerdstok en My Vader is die Wingerdboer. Elke loot wat in My nie vrugte dra nie, sny Hy weg en elke loot wat vrugte dra, dié snoei Hy sodat dit meer vrugte kan dra. Julle is nou reeds rein deur die boodskap wat Ek vir julle gebring het. Bly voortdurend in My, soos Ek in julle. Net soos die tak geen vrugte kan dra uit homself, as dit nie in die wingerdstok bly nie, net so julle ook, as julle nie voortdurend in My bly nie. אֲנִי אֵלֹהִים - Ek is, was, sal wees, die Wingerdstok, julle is die takke. Wie voortdurend in My bly en Ek in hom, hy dra baie vrugte, want sonder My kan julle niks doen nie. As 'n sekere persoon nie voortdurend in My bly nie, word hy buite weggegooi soos 'n tak en verdroog en hulle maak dit bymekaar en gooi dit in die vuur om te verbrand. As julle voortdurend in My bly en wat Ek gesê het in julle, sal julle vra net wat julle wil en dit sal vir julle gedoen word. Hierin is My Vader vereer en geloof deurdat julle baie vrugte dra en so sal julle My studentevolgelinge wees. Joh. 15:1 tot 8 – PWL.*

Die sentrale sytak van die menora staan bekend as die *shammash* – die dienskneg. Dit is ook 'n sinnebeeld van Yeshua wat gekom het om te dien en nie gedien te word nie:

*Want die Seun van die mens het ook nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien en sy lewe te gee as 'n losprys vir baie. Mark. 10:45.*

Die doel van die menora was om lig te gee en is dus 'n heenwysing na Yeshua Messias die Lig van die wêreld:

*Die volk wat in duisternis loop, het 'n groot Lig gesien; dié wat leef in die land van die skaduwee van die dood, op hulle het die Lig geskyn. Jes. 9:2 – PWL.*

*Yeshua het weer met hulle gepraat en gesê: “ אֲנִי אֵלֹהִים - Ek is, was, sal wees Wie Ek is, was, sal wees, die Lig van die wêreld; wie My ook al volg, sal nie in die duisternis loop nie, maar sal die Lig van die lewe vind” Joh. 8:12 – PWL.*

*Ek, die Lig, het in die wêreld gekom sodat elkeen wat in My vertrou, nie in die duisternis sou bly nie. Joh. 12:46 –PWL*

Elke dissipel van Yeshua is ook die lig van die wêreld (Matt. 5:14). In Num. 8:2 lees ons die volgende: *As jy die lampe opsteek, moet die sewe lampe aan die voorkant van die lampstaander lig gee.* Dit beteken dat die lig van die drie sytakke aan elke kant op die sentrale stam gerig moet wees. Die geestelike betekenis hiervan is dat die lig van elke gelowige, en van die gemeente, op Yeshua gerig moet wees.

Die menora verteenwoordig dus ook die gemeente (die afgesonderdes, uitgeroepes) van YHVH.

*Toe draai ek my om, om te sien watter stem met my gespreek het; en toe ek my omgedraai het, sien ek sewe goue kandelaars, en tussen die sewe kandelaars Een soos die Seun van die mens met 'n kleeed aan wat tot op die voete hang, en gegord om die bors met 'n goue gordel... die verborgenheid van die sewe sterre wat jy in my regterhand gesien het, en die sewe goue kandelaars: die sewe sterre is die engele van die sewe gemeentes, en die sewe kandelaars wat jy gesien het, is die sewe gemeentes. Open. 1:12,13 en 20*

Wanneer Yeshua, en dus ook die Torah wat die Vleesgeworde Woord van YHVH is (Joh. 1:1), nie sentraal in die gemeente staan nie, sal die menora uit die gemeente verwyder word (Open. 2:5).

Die Levietiese priesterorde was verantwoordelik vir die versorging van die menora in die tabernakel en later in die tempel. As priesters volgens die orde van Melgisedek is ons ook verantwoordelik vir die versorging van die menora. Maar hierdie menora is in ons, want ons is die tempel van die Afgesonderde Gees. Dit is ons verantwoordelikheid om te sorg dat hierdie menora voortdurend met fyn uitgestampte olie van die Afgesonderde Gees gevul is en brandende bly sodat ons die Lig van Yeshua in 'n donker wêreld kan wees.

### **Bepeins of Bespreek**

1. Kan die lampe van die tien maagde in Matt. 25:1 tot 13 ook beskou word as 'n menora wat elke maagd geneem het om die bruidegom te ontmoet? Is die vyf dwase maagde moontlik 'n sinnebeeld van die gemeente in Efese (Open. 2:1 tot 7)? Sonder olie en dus met 'n menora wat nie brand en nie lig gee om die duisternis te verdryf nie? So 'n menora is nutteloos en sal daarom verwyder word!

-0-0-0-0-0-0-0-0-

*Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).*

Shabbat Shalom!  
Johan.

Epos: [kontak@nuwelielied.info](mailto:kontak@nuwelielied.info)  
Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

*Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.*